Net om weer dankie te sê.....

Ds. Jannie, Kerkraad en Gemeente,

Ek het baie van die gemeentelede al vir solank as wat ek in Thabazimbi is, geken. Ander het ek leer ken gedurende die paar maande wat ek tydens Ds. Jannie se operasie in die gemeente gehelp het. Deurgaans het ek net vriendelikheid en liefde van almal ontvang!

Maar dit was gedurende die afgelope tyd met die kanker-diagnose dat ek onbeskryflike ondersteuning, bemoediging,versekering van voorbidding, geskenke, telefoonoproepe, SMSe, van so baie lidmate ontvang het dat dit byna onmoontlik is om almal persoonlik te antwoord en te bedank en daarom wil ek langs hierdie weg vir almal sê:

BAIE DANKIE!!

Daar is net nie genoeg platinum in die myne by Amandelbult en Swartklip om hoegenaamd die liefde wat u aan my bewys te ewenaar nie!

Nog net 3 dae se chemo en bestraling oor en dan 4-6weke wag vir die operasie en dan sal alles agter die rug wees. Ek glo dat die Here al u gebede (en die van so baie ander) sal verhoor en dat Hy my sal gesond maak.

As ek sien hoeveel u vir my in die tyd beteken het, voel ek skuldig dat ek in my bediening te min aandag aan lidmate met kanker gegee het. Dankie ook vir die les wat ek by u kon leer!

Al bietjie wat ek vir u kan terug gee is om steeds te bid dat ons Hemelse Vader u almal in Notham gemeente wonderlik sal seen!

Johnnie